**24. Omgeepapier 18 - 24 Augustus 2024**

**Hand 9 ;1-20. Genade! Bekering - Roeping!  Seëninge van die Here Jesus!**

1. **Lees Hand 9: 13 - 14, 21.** (Paulus se CV).
   **‘n Persoonlike Vraag -  Hoe het jy voorheen die Koninkryk van Jesus teengestaan / Wat het die mense (met rede) alles van jou gesê / kon sê voor jy jou lewe aan Jesus oorgegee het?**

2. **Lees Hand 9: 3 - 9.** (Paulus se konfrontasie met die Lewende Jesus, toe hy besef het Jesus is Die Here, God - EK IS - Ego Eimi - Jahweh - God in die Hemel)**; Lees ook Hand 9: 10 - 19** (Paulus begelei tot geloof in Jesus).
   **Nog ‘n persoonlike Vraag - Hoe het die Here Jesus / Heilige Gees met of sonder ander mense, jóú gekonfronteer en hoe het jy tot geloof in Jesus as jou Verlosser gekom?**

3. **Lees Hand 9: 20** (Paulus se Roeping), **en ook 2 Kor 1:3 - 6** (Paulus sê ‘n deel van óns roeping is om teenoor ander te getuig, om hulle te help met die kruise / swaarkry, soos die Here óns gehelp het in óns swaarkry (bv alkoholisme, bipolêr, depressie, dwelms...)
   **Vraag - Wat dink jy is die nut / rede vir jóú swaarkry en hoe jy dit saam met Jesus oorwin het? D.W.S. jóú roeping?**

4. **Gebedsversoeke:**
   **Waarvoor kan ons vir die Here dankie sê?**
   - 
   - 
   
   **Vir wie / watter situasie kan ons bid?**
   - 
   - 